# Hoofstuk van die dag: Kolossense 1

> *Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken, sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. (Kol 1:9-10)*

Paulus bid vir die Kolossense, dat hulle sal leer om te luister en tyd sal maak om by God stil te word. Ons lewe is aan die gang. Daar is elke dag 'n lys dinge wat gedoen moet word. Stiltetyd word ook maar een van die dinge op die lys. Maar verhoudings vra tyd; so ook ons verhouding met God. En God word nie sommer in ons skedule ingepas nie. So asof God nou gou moet praat, terwyl ons 'n oomblikkie tyd het!
Om 'n luisterende gelowige te wees, vra dat jy doen en leef volgens wat jy gehoor het. Paulus sê: "Mag julle vrugte dra deur goeie werke" (vers 10). Wanneer God praat, stel Hy jou in staat om iets te gaan doen. Hy leer en rus jou toe om 'n verskil te maak in jou wêreld. Om die hande en voete van Jesus te gaan wees. Om 'n verskil te maak aan die gemeenskap waarbinne ons leef.
Mag jy die wil van God ken!


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026